

JOU TUISTE IN DIE HEMEL

Toe Marco Polo terugkeer het na na tuisdorp Venisië na baie jaar in die Verre-Ooste, het sy vriende gedink sy lang reise het hom mal gemaak. Hy het sulke ongelooflike verhale gehad om te vertel.

Marco het na 'n stad vol silwer en goud gereis. Hy het swart klippe gesien wat gebrand het, maar niemand het nog ooit van steenkool gehoor nie. Hy het 'n stuk lap gesien wat glad nie aan die brand wou raak selfs wanneer dit in die vlamme gegooi is nie, maar niemand het nog ooit van asbes gehoor nie. Hy het gepraat van reuse slange wat tien treë lank was met kake wyd genoeg om 'n man in te sluk, neute so groot soos 'n man se kop en so wit soos melk aan die binnekant en 'n vloeistof wat uit die grond uitspuit wat lampe kan laat brand. Maar niemand het nog ooit krokodille, kokosneute (klappers) of ru-olie gesien nie. Hulle het net gelag vir daardie verhale. Jare later, toe Marco op sy sterfbed lê, het 'n toegewyde man langs sy bed by hom aangedring om te erken dat al die wonderlike verhale wat hy vertel het, vals was. Maar Marco het geweier: "Dit is alles waar – elke stukkie daarvan. Om die waarheid te sê, ek het nie die helfte vertel van wat ek gesien het nie."

Die Bybelse skrywers wat aan ons kykies op die hemel gee, het blykbaar dieselfde sentiment as Marco Polo. Deur middel van gesigte kon hulle 'n plek sien wat so wonderlik, so fantasties was dat hulle maar net 'n deeltjie kon beskryf van wat hulle gesien het. En ons staan voor 'n soortgelyke probleem as Marco Polo se vriende. Ons moet in ons verbeelding die "krokodille en kokosneute" sien wat ons nog nooit gesien het nie, omdat die kykies wat ons wel in die Bybel kry, wys vir ons dat die hemel baie meer is as om net op 'n wolk te sit en op harpe te speel.

1. IS DIE HEMEL 'N WERKLIKE PLEK?

Jesus is op hierdie oomblik besig om vir ons 'n baie werklike plek in 'n baie werklike hemel voor te berei.

"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My [Jesus]. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. EK GAAN OM VIR JULLE PLEK TE BEREI.

En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, KOM EK WEER en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." – Johannes 14:1-3. (Tensy anders aangedui, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK gidse uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans geneem.)

Jesus gaan vir 'n tweede maal na ons wêreld kom om ons na 'n pasgemaakte paleis in 'n hemelse stad te neem wat wonderlik verby ons grootste drome is: Die Nuwe Jerusalem.

Nadat ons vir 'n duisend jaar daar gebly het, beplan Christus om hierdie hemelse tuiste af te bring na die planeet Aarde toe.

Wanneer die Nuwe Jerusalem neerdaal, sal vuur die ganse wêreld reinig. Ons hernude planeet sal dan die permanente tuiste van die verlostes word. (Openbaring 20:7-15. Meer daarvan in Gids 22.)

Wat beskryf Johannes, die skrywer van Openbaring, volgende?

“En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.

En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is.

En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.” – Openbaring 21:1-3.

Nadat dit deur vuur verander is, wie belowe Jesus sal die nuwe aarde dan in besit neem?

“Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.” – Mattheus 5:5. (Kyk ook Openbaring 21:7.)

Christus belowe om Sy aarde wat eens volmaak was, te herstel tot sy eertydse skoonheid as die tuin van Eden, en die sagmoediges *sal die aarde beërwe*.

2. SAL ONS WERKLIKE LIGGAME IN DIE HEMEL HÊ?

Toe Jesus aan Sy dissipels verskyn het nadat Hy opgewek is en met ‘n verheerlikte liggaam, hoe het Hy dit beskryf?

“Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want ‘n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.” – Lukas 24:39.

Jesus het ‘n werklike liggaam gehad; Hy het Thomas uitgenooi om Hom aan te raak (Johannes 20:27). Met hierdie geleentheid het Jesus in ‘n werklike huis ingestap, met regte mense gepraat en regte kos geëet (Lukas 24:43).

Die hemel word nie bewoon deur geeste nie, maar deur regte mense wat ‘n geestelike lewe geniet, en wat *verheerlikte liggame* het.

“Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.” – Filippense 3:20,21.

Ons kan verseker wees dat ons hemelse liggame net so stewig en werklik as Christus se opgewekte liggaam sal wees.

Sal ons familie en vriende in die hemel herken?

“Want nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.” – 1 Korintiërs 13:12.

In die hemel sal ons *ten volle ken*. Ons sal mekaar beter verstaan en meer waardeur as wat ons ooit in hierdie wêreld kon doen.

Jesus se dissipels het Hom in Sy hemelse liggaam herken, waarskynlik omdat hulle Sy bekende gelaatstrekke herken het (Lukas 24:36-43). Maria het Hom by die graf herken omdat sy Sy stem herken het toe Hy haar op haar naam genoem het (Johannes 20:14-16). Die twee dissipels by Emmaus kon Hom identifiseer as gevolg van bekende gebare. Toe hulle opmerk hoe hulle gas die voedsel seën, het hulle Hom herken as die Here deur Sy maniere (Lukas 24:13-35).

Die verlostes sal verseker “van-aangesig-tot-aangesig”, aangrypende weerontmoetings in die hemel ervaar. Stel jou voor die vreugde as jy jou eggenoot/eggenote se spesiale glimlag herken, of die bekende stem van ‘n kind wat jy lank gelede ter ruste gelê het, of die innemende uitdrukkings van ‘n geliefde vriend. Daar sal ‘n ewigheid vir ons wees om die lewe se kosbaarste bande te verstewig en om intieme vriendskappe te laat gedy met die mees fasinierende persone in die heelal.

3. WAT SAL ONS IN DIE HEMEL DOEN?

Daar sal baie uitdagende aktiwiteite vir ons in die hemel wees. Wat daarvan om jou eie droomhuis te ontwerp?

“Want kyk, Ek skep nuwe hemele en ‘n nuwe aarde, ... Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; ... En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet: ... En my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.” Jesaja 65:17-22.

Jesus berei alreeds vir ons persoonlike huise voor in die Heilige Stad, die Nuwe Jerusalem (Johannes 14:1-3; Openbaring 21). Hierdie verse stel voor dat ons ook ander huise sal ontwerp en bou – moontlik pragtige statige wonings in die binneland wat versier kan word met die hemel se ryke verskeidenheid van plantlewe. En wie weet watter moderne tegnologiese avonture wag nie vir ons in God se gevorderde beskawing nie? Ons huidige wetenskaplike deurbrake en ruimtevaart sal soos kinderspeletjies lyk wanneer ons begin om ons *Vader se huis* te ontdek. Is jy lief vir die skoonheid van ‘n magtige waterval, rustige weivelde, welige reënwoorde en delikate bloeisels?

“Want die Here vertrou Sion; ... Hy maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van die Here; vreugde en blydschap sal daarin gevind word, danksegging en die klank van liedere.” – Jesaja 51:3.

God sal die aarde herskep na die eertydse Tuin van Eden. Geen olie besoedeling of rookmis of droogte nie; die mere sal kristalhelder bly, die bome majestieus, en die berghange ongerep.

Dit is nie net die skoonheid van die wêreld nie, maar ook ons vermoë om dit in te neem wat grootliks sal vermeerder. Dit sal voel soos daardie eerste dag wat ons buite gaan na ‘n baie lang siekbed. En die eerste “twintig minute werklikheid” sal verleng word tot ‘n betowerende ewigheid.

Geniet jy dit om nuwe dinge te ervaar? Om te leer? Om te skep?

“Daar sal onsterflike verstande met nimmereindigende vreugde die wonders van die skepping en die verborgenheid van verlossende liefde oorpeins. Daar sal geen wrede, verleidende vyand wees om die mense te lei om God te vergeet nie. Alle vermoëns sal vermeerder. Die verkryging van kennis sal nie die verstand of die energie uitput nie. Daar sal die heerlikste ondernemings voortgesit word, die hoogste ideale bereik en die hoogste ambisies vervul word. En nog sal daar nuwe hoogtes wees om te bereik, nuwe wonders om te bewonder, nuwe waarhede om te verstaan, en nuwe voorwerpe om die vermoëns van liggaam, siel en verstand besig te hou. Al die skatte van die heelal sal oop wees vir die studie van die verlostes van God.”

-Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, (Nampa, Idaho; Pacific Press Publishing Association, 1950). Bladsy 677.

4. SAL BOOSHEID OOI WEER DIE HEMEL BEDREIG?

“En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.” – Openbaring 21:27.

God gaan die sonde en sy vreeslike gevolge geheel en al vernietig; dit sal nooit weer sy verskyning maak nie. Wanneer Jesus verskyn sal ons *aan Hom gelyk wees* (1 Johannes 3:2). In plaas van drange om dood te maak, of te steel of om leuens te vertel of om te verkrag teen te staan, sal ons hemelse beleefdhede beoefen.

“En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.” – Openbaring 21:4.

Selfs die grootste vyand, die dood, sal verdwyn. In die hemelland van ewige jeug sal die verlostes *onsterflik* wees (1 Korintiërs 15:53); geen bewoner sal ooit ly as gevolg van die vernietiging van veroudering nie.

Die hemel vernietig nie alleenlik die gevolge van sonde nie, dit bring ook ‘n ommekeer. Dink net hoe dit gaan wees vir diegene wat hulle lewe lank met ‘n gebrek gesukkel het:

“Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word, Dan sal die lamme spring soos ‘n takbok, en die tong van die stomme sal jubel.” – Jesaja 35:5,6.

5. WAT IS DIE HEMEL SE GROOTSTE VREUGDE?

Verbeel jou om die Here van die heelal van aangesig tot aangesig te sien.

“Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.” – Openbaring 21:3.

God die Almagtige belowe om ons metgesel en ons leermeester te wees. Wat ‘n vreugde om aan Sy voete te sit! Dink net wat ‘n musikus sal gee om ‘n paar oomblike met Beethoven of Mozart deur te bring. Verbeel jou hoeveel ‘n fisikus dit sal waardeer om saam met Albert Einstein te sit en gesels, of hoeveel dit vir ‘n skilder sal beteken om met Michelangelo of Rembrandt te praat.

Dink net daaraan, die verlostes sal ‘n ontsaglike groter voorreg geniet. Hulle sal met die Skrywer van alle musiek, wetenskap, en kuns ‘n gesprek kan voer. Hulle sal op goeie voet met die grootste Verstand en die diepste Hart in die heelal wees. En hierdie verhouding sal oorloop in aanbidding.

“En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here.” – Jesaja 66:23.

In die middel van die hemelse stad staan die groot wit troon van God. Omring deur ‘n smarag reënboog, skyn Sy gesig soos ‘n verblindende son. Onder Sy voete strek die glasesee in alle rigtings. Op hierdie kristal oppervlakte weerkaats God se heerlikheid, en die verlostes vergader om hulle blye lofprijsing te uiter.

“En die losgekooptes van die Here sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg.” – Jesaja 35:10.

Hier is Iemand wie se goedheid nooit ophou nie. Sy getrouheid en geduld en lankmoedigheid hou net aan en aan. Loof Sy heilige naam!

6. ONS MOET DAAR WEES!

Jesus sien uit na daardie eerste ontmoeting wat van aangesig tot aangesig gaan wees. Dit is waarom Hy gewillig was om jou teen so ‘n hoë prys van sonde te verlos. Jy moet persoonlik

voordeel trek uit daardie geskenk. Jy moet 'n toewyding maak aan Christus as Heer en Heiland. Jy het die vergifnis nodig wat van die kruis aangebied word, want:

“En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.” – Openbaring 21:27.

Jesus verlos ons *van* sonde, nie *in* sonde nie. Ons moet na Hom toe kom deur Sy krag in ons, en verwyder word van dit wat onrein en onheilig is. Jesus is ons wagwoord om in te kom by Sy naderende koninkryk.

En daardie koninkryk kan nou reeds in jou hart begin. Wanneer Christus ons van sonde verlos, skep Hy 'n klein hemeltjie binne in ons. Hy kan ons help om klaar te speel met bekommernis, woede, drange, vrees en skuldgevoelens wat ons hinder. Die hoop op die hemel is nie 'n wegkomroete van die lewe se probleme nie; dit help om meer hemel op die aarde te skep. 'n Meningsopname wat onlangs geneem is, wys dat “diegene wat glo in die lewe na die dood, is gelukkiger in die lewe en vertrou mense meer as diegene wat dit nie glo nie.”

Niks sal nou 'n meer dramatiese impak op jou lewe hê nie, as 'n vertrouende verhouding met Jesus Christus. Luister hoe Petrus die impak van 'n lewende geloof beskryf:

“Vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle VERBLY MET 'N ONUITSPREEKLIKE EN HEERLIKE BLYDSKAP, en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry.” – Petrus 1:8,9.

Al hierdie dinge – en die hemel ook. Het jy hierdie soort oorvloedige lewe ontdek wat Christus wil hê jy moet ondervind? Moet asseblief nie wegdraai van Sy genadige uitnodiging nie.

“En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.” – Openbaring 22:17.

Jesus is nou by jou, en Hy praat met jou terwyl jy hierdie woorde lees. Hy nooi jou uit om te “Kom!” “Kom!” “Kom!” Hy kon nie gretiger, meer dringend wees nie. As jy dit nog nie gedoen het nie, is hierdie oomblik bo alle ander, jou geleentheid om Sy aanbod te ondersoek.

Waarom sê jy nie vir Hom jy aanvaar Sy genadige aanbod nie en dat jy die ewigheid saam met Hom wil deurbring? Vertel Hom dat jy Hom liefhet. Sê vir Hom dankie vir alles wat Hy vir jou gedoen het en alles wat Hy nog steeds vir jou beplan. As daar iets tussen jou en God is, vra Hom om jou gewillig te maak om dit te laat verwyder. Vandag, wanneer jy Sy stem hoor, terwyl jou hart nog toeganklik is, gee jouself aan Hom oor sonder voorbehoud. Buig op hierdie oomblik jou kop en sê: “Jesus, my Heer, ek kom. Ek gee my alles aan U. Ek sal vir ewig aan U behoort.”